Skietfontein – Manne Run!

Klink soos 'n plek van oorlog! Seker maar omdat daar so baie wild hier gevêl word, dink ek by myself. Daar is nie eens 'n 4x4 roete nie, sê my swaer, net 'n paar 'quad trails' en 'n droë rivierbed! Klink nie vreeslik opwindend nie, maar maak nie saak nie, dit is tog die MANNE RUN en net solank daar goeie geselskap, 'n vleisie op die kole en 'n lafenissie vir die keel is, kan dit mos nou nie anders as lekker wees nie. (Praat van lafenissie….. die stukkie stofpad van Somerset Oos tot op die plaas het 'n man se keel darem heel droog!)

Arriveer by die lapa, toe brand die vuur al hoog en Jannie is besig om lamnek en uie in 'n massiewe platboompot affêre te skroei. Die hele lapa is deurtrek met die geur van gebraaide uie, koljander en swart peper. Jannie sê hy maak pot, maar as ek al die honger gesigte so kyk gaan daar nie vleis oor wees om 'n pot van te maak nie!

Na 'n wedersydse gegroet, is almal rustig en begin lekker kuier en gesêls om die vuur. Die lapa se groot vuurhert en ruim spasie maak dat almal lekker gemaklik in 'n groeps-geselskap kan deelneem sonder om oor mekaar se voete te val. Kort voor lank begin die stories vloei en Carlo se skaterlag is aansteeklik genoeg dat jy lekker kan saamlag, al het jy nie die grap so mooi gevang nie!

Gepraat van lekker…… Die Jannie kan darem vir jou 'n lekker pot maak. Van die manne het tot 'n 3de en 4de keer gaan skep. Die pot was so lekker dat iemand (Johan?) selfs pens en pootjies bo-op die tafel gesit het, so asof hy hom wil beskerm teen indringers wat nog net 'n laaste ou skeppie wil hê!

Na ete is daar heerlik gekuier en musiek gemaak…… en gekuier en 'pool' gespeel en nog so 'n bietjie gekuier. Die eerste aand is daar mos nie tekort aan nuwe stories om te vertel nie? Dit was ook maar 'n goeie ding ons kon nie die DSTV instel nie, anders sou ons dalk uitgemis het op van die skittergrappe wat die manne kwytgeraak het.

Na 'n lang dag was daar darem 'n warm stort en dubbelbed tot almal se beskikking om voor te berei vir volgende dag se 4x4 eskapade. Die slaap- en stortgeriewe is meer as gerieflik vir op 'n plaas in die middle van die Somerset Oos jagveld.

Saterdagoggend is ons gegroet met 'n uitnodiging vir koffie en beskuit, gevolg deur 'n ontbyt wat jou die heel dag sal hou……baie welkom vir dié wat vergeet het om 'n glas water te drink voor hulle gaan slaap het! (Dan kan jy mos nie die volgende dag so dors wees nie!) Behalwe vir 'n paar manne wie se hande en GESIGTE nog blou was na 'n wanaanwending van 'chalk' wat eintlik vir die snoekerstokke se punte bedoel is, het alles glad verloop en almal was reg vir die dag se 4x4 roete.

Geoff, as 'run-coordinator' en Jannie het voortou geneem in die rivierbedding. Sommer gou het ons ons vasgeloop in die eerste hindernis, wat 'n sanderige, klipperige rivierwal was. Na 'n bietjie beplanning en koppelaars wat ruik of hulle by die smeltoonde was, is ons deur, tot almal se gevoel van oorwinning. Dit is nie maklik om 'n nuwe roete uit te lê nie en die klublede se ondervinding en deursettingsvermoë het duidelik te voorskyn gekom met die oorbrugging van skynbaar onoorkombare hindernisse.

Die passasiers en 'navigators' het ook 'n groot rol gespeel deur as 'n span saam te werk en pad te bou waar nodig was en voorstelle te gee wanneer 'n moeilike hindernis aangepak moes word. Van die hindernisse is verseker senutergend, maar, met 'n kettingsaag en 'n gemotifeerde span, is bome en rotswalle geskuif om dit begaanbaar te maak. 'n Paar van die hindernisse is waarlik senutergend gewees en meer as een keer is die wit van 'n paar manne se oë te sien gewees, al het hulle sonbrille gedra. 'n Goeie voorbeeld is 'n 50 grade rotswand waar net een van die voertuie (Toyota natuurlik!!) kon uitry!

Een van die voertuie wat my beindruk het, is Carlo se Range Rover wat na 'n nonchalante draai van die sleutel, besluit hy gaan nou sonder sy bestuurder of 'navigator self 'n bietjie die plek verken. Sy ekskursie is wel vinnig kortgeknip deur ratse voetwerk, blitsigge deur oopruk, afsit en asemhaal van ene wat so lekker kan lag daarna.

Dit is hier wat ek ook moet noem van Jannie en sy span (veral Leon!) wat as deel van die 'trip' saamgery het op hulle Quads. Hulle was heeltyd gretig om hand by te sit, hetsy met kettingsaag, klippe pak, fotos neem of om 'n koue juweel uit die Quad se 'coolerbox' in die hand te stop.

Na 'n uiters suksesvolle dag, is dit afgesluit met 'n heerlike braai wat deur Jannie, sy vrou Wilna en hulle hele kombuisspan aanmekaargesit is. Ons was almal maar 'n bietjie moeg na die lang en opwindende dag en die meeste ouens het nie te lank gekuier voor die geroep van die dubbelbedmatras die geveg gewen het nie. Daar was wel 'n paar oomblikke van briljantheid, met 'n skreeusnaakse verduideliking van hoe om NIE 'n laboratoriummonster van 'n ballon te verwyder nie……

Sondag-oggend was 'n herhaling van die vorige dag se groet met 'n warm beker koffie en beskuit net om vir 'n paar minute te sit en wakker word met die skoon lug van die Ooskaapse jagveld wat jou die lewe net so bietjie meer laat waardeer. Ook maar goed, want op hierdie plaas is daar nie tyd vir lê en sit nie….. daar is net te veel om te doen. Na ontbyt, waar party tot VYF eiers en roosterbrood verorber het, is almal bymekaargeroep en die uittog na die rivierpoele is aangepak. Dit is 'n indrukwekkende rit deur die rivierloop aan die anderkant van die plaas wat weereens die bestuurders se vernuf getoets het. Die nat modder en diep waterplasse het vir baie opwinding gesorg. Met spattende modder en water, is die voertuie toegejuig as hulle met mening deur die hindernisse gejaag kom. Na van die voertuie DIEP vasgeval het, is die onmiskenbare waarde van 'n kinetiese tou weereens bewys. Om 'n voertuig, wat jy sal dink dat jy 'n trekker of selfs stootskraper voor moet gaan haal, op te tel, vanwaar hy vassuig in die modder, en oomblikke daarna vir jou mooi op die rivierwal neer te sit……..Merkwaardig!!!!

Aan die einde van die rit, was daar 'n lang stuk droë rivierbed waar Jannie-hulle met die Quads resies gejaag het. Vanselfsprekend, sou die 4x4 manne nie wou terugstaan vir so 'n uitdaging nie en daar is vinnig 'n kwart-myl baan uitgelê, waar die voertuie se spoed ook 'n bietjie getoets kon word. Na vele probeerslae en 'n paar naelskraap oorwinnings, het Geoff se Ford Ranger egter as oorwinnaar uit die stryd getree.

Ter afluiting, glo ek dat almal wat deel was van die naweek, hulself terdeë geniet het. Jannie en die mense van Skietfontein se gasvryheid is onverbeterlik. Etenstyd is 'n absolute hoogtepunt en die geriewe is uiters gemaklik.

Ek wil almal wat betrokke was bedank vir 'n heerlike naweek en solank by voorbaat sê dat, as ek weer genooi word, ek definintief daar sal wees!

Groete

Frans